# Laerskool Jan van Riebeeck Huppelland



**Varsityweg, Tamboerskloof, Kaapstad, 8001**

**Tel. 021 424 6056 | E-pos: huppelland@jvrprim.co.za**

---

Geagte Ouer

Huppelland is in 1947 gestig as die pre-primêre skool van Laerskool Jan van Riebeeck en is geleë aan die voet van Leeukop. In Julie 2007 het ons verhuis na die pragtige perseel in Varsityweg, Tamboerskloof, nadat ons die vorige skoolgebou ontgroei het.

Ons bied 'n stimulerende en veilige omgewing met gekwalifiseerde opvoeders om ontwikkeling te bevorder en kreatiwiteit aan te moedig. Huppelland bied 'n volledige opvoedkundige program in Afrikaans, soos voorgeskryf deur die Wes-Kaapse Onderwys Departement. Opvoedkundige uitstappies en besoeke aan ons skool is deel van ons program. Assessering vind deurgaans plaas en gereelde vorderingsverslae word aan ouers verskaf.

Ons het 'n uitgebreide buitermuurs en kulturele program wat op die terrein plaasvind. Gr R leerders neem deel aan skool sport en besoek selfs die rekenaarklas by Laerskool Jan van Riebeeck.

Ons het twee veilige speelterreine met klimrame en groot sandputte, asook fonteine vir waterspel.

Die ouderdomsgroepe van ons klassies is van die jaar waarin kinders 4 word tot 6 jaar (Graad R).

☐ 'n Gewaarmerkte afskrif van leerder se ID-dokument of geboortesertifikaat

☐ 'n Onlangse kleurfoto van leerder (ID grote)

☐ 'n Gewaarmerkte afskrif van ***beide*** ouers se ID-dokument

☐ Bewys van woonadres van ouers / voogde

☐ Leerder se kliniek-/immuniseringskaart

☐ Bewys van betaling van administrasiefooi

☐ Volledig voltooide inskrywingsvorm – Aansoek om Toelating

☐ Verklaring dat u die Toelatingsbeleid onderskryf

☐ Onderneming vir die betaling van skoolgeld

☐ Verklaring dat u die skool se Visie en Missie verstaan en onderskryf

Vriendelike groete

**I.C BEETS**
SKOOLHOOF